

**Skriflesing:** Mattheus 5: 13 -20Teks: **Mattheus 5: 17-18**Sing: **VOORAF SANG – Ps. 122:1,2****TYDENS EREDIENS - Ps. 18:1,12; Ps. 119:6; Ps. 45:1,5,6, Ps. 23:3; Ps. 116...****Sb.10-2 (28b) Onse Vader****Mattheus 5: 17 -20****Mat 5:13** Julle is die sout vir die aarde. Maar as sout verslaan het, hoe kry 'n mens dit weer sout? Dit is niks meer werd nie. Dit word buitekant weggegooi, en die mense vertrap dit.**Mat 5:14** Julle is die lig vir die wêreld. 'n Stad wat op 'n berg lê, kan nie weggesteek word nie;**Mat 5:15** ook steek 'n mens nie 'n lamp op en sit dit onder 'n emmer nie maar op 'n lampstaander, en dit gee lig vir almal in die huis.**Mat 5:16** Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik.**Mat 5:17** Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete ongeldig te maak nie. Ek het nie gekom om hulle ongeldig te maak nie, maar om hulle hulle volle betekenis te laat kry.**Mat 5:18** Dit verseker Ek julle: Die hemel en die aarde sal eerder vergaan as dat een letter of letterstrepie van die wet sal wegval voordat alles voleindig is.**Mat 5:19** Wie dan ook een van die geringste van hierdie gebooe ongeldig maak en die mense so leer, sal die minste geag word in die koninkryk van die hemel. Maar wie die wet gehoorsaam en ander so leer, sal hoog geag word in die koninkryk van die hemel.**Mat 5:20** Ek sê vir julle: As julle getrouheid aan die wet nie meer inhou as dié van die skrifgeleerdes en die Fariseërs nie, sal julle nooit in die koninkryk van die hemel ingaan nie.**Skriflesing:** Mattheus 5: 13 -20Teks: **Mattheus 5: 17**Sing: **VOORAF SANG – Ps. 122:1,2****TYDENS EREDIENS - Ps. 18:1,12; Ps. 119:6; Ps. 45:1,5,6, Ps. 23:3; Ps. 116...****Sb.10-2 (28b) Onse Vader**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, as ons vandag vóór ons na die tafel van die Here beweeg, 'n derde keer rondom Mattheus 5 saamkom, dan is Jesus se eerste preek in alle opsigte so uitsonderlik. Die preek daar van die berg af, ja in lyn met hoe Moses gewerk het, wil Jesus nie in spanning kom met wie Moses was nie. Moses het ons 'n vorige keer gewys het ook die berg opgegaan om God se Wet te ontvang.

As Jesus in 'n sekere sin langs Moses kom staan, dan het Jesus vir ons gegee die *Grondwet van God se koninkryk*. Die besondere saligsprekinge wat ook ons blydschap by God se tafel vandag mag vul, kan op baie maniere as die Grondwet van God se koninkryk beskou word. Dit gaan in alles om werklik geseënd in jou lewe te mag wees. Hoe om salig te mag lewe, met die vraag wat maak jou gelukkig? Wat beteken geluk ten diepste vir jou? Het die saligsprekinge op enige wyse met die uitleef van God se Wet te make? Is die Wet nie besig om ons uiteindelijke geluk van ons te beroof nie?!

Onthou die saligspreking bevat alles behalwe 'n sorgvry, amper sprokiesagtige lekker lewe. Niks daarvan nie! Dit gaan in die saligsprekinge om dinge wat jou hier op aarde diep kan seermaak, alles dinge wat ons diep raak en tog is ons steeds geseëndes van God. Om arm van

gees te wees, om te treur, om sagmoedig te wees, te honger na wat reg is, ja hier diep binne jou hart wil jy graag rein wees, ook by vandag se Nagmaal, maar kry ek dit reg? Dis so moeilik. Tog sê Jesus - *salig is die wat rein van hart is, want hulle sal God sien* (8).

\*\*\*

Verlede Sondag het Jesus ons by die slot van die stel saligsprekinge die diepste geluk toegesprek, dit was ons voorbereiding - ook as ek dit uit die 2020 Vertaling mag haal - 11 *Gelukkig is julle wanneer die mense julle om My ontwil beledig en vervolg en vals beskuldig van alles wat sleg is. 12 Wees bly en jubel, omdat julle beloning groot is in die hemele. Hulle het immers die profete vóór julle net so vervolg.*” Dit klink alles behalwe na ’n gelukkige einde as die saligsprekinge tot ’n einde kom. Ons gaan beledig word, vervolg word, in baie dinge vals beskuldig word, dit gaan nie maklik wees nie, tog sê Jesus - gelukkig is jy as dit ook met jou en my gebeur!

Dadelik hiermee saam was ons voorbereiding, in hierdie omstandighede moet ek en jy steeds wees, dit wat God ons maak. Sout en lig. Sout vir hierdie aarde, lig vir hierdie wêreld. Die aarde is ’n plek aan die verganklikheid oorgegee, dit is aan die vergaan, dit beteken in wese dit is ’n verrotte plek, maar ons moet die verrotting teëgaan. Soos sout bederf kan keer, moet ek en jy sulke sout vir die Here wees. Ons moet dit wees, wat God ons reeds gemaak het. Ook lig in die donker wêreld. God wil vir ons nie uit sy wêreld uitsluit nie. God se wêreld wat ons ook noem sy koninkryk, God wil dat ons soos geseënde burgers in sy koninkryk moet bly lewe.

Om as geseënde burger in die Koninkryk van God te lewe is waaroor dit eintlik gaan. Ook om vandag geseënd die heilige Nagmaal van die Here te mag vier. Dan gebeur wat ons heel aan die begin ook gesê het- Jesus kom staan langs Moses. Nie net deur ook ’n berg op te klim as Hy sy eerste preek lewer nie, maar ook in wat Moses van God ontvang het. Die Here se Wet geskryf op twee kliptafels, ja ons lees God het dit met sy vinger geskryf. As ek werklik sout en lig vir God wil wees moet ek by myself begin. Waar pas God se Wet in my lewe in?

Baie keer hoor ons vandag mense redeneer dat die Ou Testament is darem regtig oud. Ons is Nuwe-Testamentiese gelowiges. Ons het geen band meer met die Wet nie. Ons moderne gelowiges mag nie wetties wees as dit gaan om die uitdra en uitleef van die evangelie nie. Wat bedoel Jesus dan as Hyself sê en dit staan so duidelik - 17 *“Moenie dink dat Ek gekom*

*het om die wet of die profete ongeldig te maak nie. Ek het nie gekom om hulle ongeldig te maak nie, maar om hulle hulle volle betekenis te laat kry ...* Belangrik dat ons Jesus se benadering tot die Wet ook by vandag se Nagmaal mag raaksien.

Hy het nie dit ongeldig kom maak nie. Daarmee sê Hy tog baie duidelik. Die Wet is nog geldig ... maar dadelik ook die vraag wat is die manier waarop Jesus die Wet laat geld en hoe die Skrifgeleerdes en Fariseërs in Jesus se tyd dieselfde Wet wou laat geld. Het Jesus die wettisme van die Fariseërs en Skrifgeleerdes wou goedpraat?! Hoegenaamd nie. Dadelik besef ons Jesus se menslike hart was rondom die Wet en die Ou Testament gewef want het Jesus die werklike diepere betekenis en sin van die Ou Testament so goed besef, beter as wat enige mens dit kon besef of daaraan uitdrukking kon gee. Jesus stel dit baie sterk dat die voortbestaan van die skepping sal veel eerder in die gedrang kom as wat dit enigsins kan gebeur dat die Wet en die profete of anders gesê dat die bestaan van die Ou Testament ooit in die gedrang sal kan kom.

Niemand kan met die Ou Testament werk en dit as uitgangspunt stel dat dit is outyds en daarom het dit eintlik maar net historiese waarde. So asof die Ou Testament soos 'n Disprin in water gegooi kan word en so word die pil opgelos en dis weg. So werk Jesus nie. Juis nie! Jesus kom wys aan ons, baie vroeg in sy eerste belangrikste preek op aarde, hoe daar met God se Woord gewerk moet word. Watter respek ons vir God se Woord moet hê en direk hiermee saam gee Jesus vir ons 'n altyd geldende of kan ek sê ewige hermeneutiek. Hermeneutiek is die manier waarop ek vandag die Bybel lees, dit vandag verstaan dit op hierdie oomblik in ons lewens kan toepas. Jesus is in werklikheid met hermeneutiek, met ewige hermeneutiek in ons teksverse besig voor ons na sy tafel mag kom, moet ons eers by sy Woord kan uitkom.

Hemel en aarde sal eerder vergaan as wat die Ou Testament kan vergaan? Nie eers een letter of letterstrepie van die wet sal wegval voordat dit nie die einde sal wees nie. Voordat dit nie alles voleindig is nie. Ons besef Jesus stel dit nie alleen baie sterk nie, Hy stel dit as ewige beginsel. Tog plaas Hy die beginsel in 'n baie spesifieke konteks. Hy wat Jesus is, wil in sy bergpreek die Wet sy volle betekenis laat kry. As Jesus sê die Wet moet vir ons sy volle betekenis ook vandag vóór hierdie Nagmaal verkry, dan is dit soos wanneer ons 'n besondere foto vergroot en ons vergroot dit nog weer. Dis asof jy naderhand daardie pixels in daardie foto met jou blote oog begin raaksien.

Jesus vergroot en vergroot die betekenis van die Wet dat ek en jy regtig die volle betekenis daarvan moet kan raaksien. Dit is iets van 'n ontvouing, 'n al hoe mooier blom wat besig is om oop te vou. Die bekende vergelyking wat ons altyd aan kan vashou, dink aan die roosknop nog in al sy blare toegevou, ja die volle mooi en die volle rooi lê reeds agter die blare weggevou, toegevou, maar eers as daardie roos ten volle oopvou, dan eers sien jy sy mooi kleure en sy pragtige vorm raak. Dit het Jesus van die Ou Testament waardeer, baie meer waardeer as wat daar enige iets op hierdie aarde dieselfde waarde kan hê! Ook vandag is die vraag waardeer ek hoe Jesus die Skrif van God in sy hande kon hou en hoe Hyself dit kon oopmaak werklik nog genoeg?

Die oopvou van die roos is nie net wat Jesus kom doen het nie, maar Hy het Self die betekenis en inhoud van die roos geword. Hyself is die vervulling van die Wet. Daarom as dit nie vir die Wet was nie, was daar niks om te vervul nie. Dit klink so logies maar iewers verloor mense die begrip en waarde van wat vir Jesus so waardevol is. Jesus bring in ons teksverse 'n hoër vlak van Skrifverstaan na vore as wat geen mens nog vóór Hom kon doen nie. Dit alles daar van die berg af!

Ons hier rondom die tafel vandag God wil nie net dat die Wet en selfs ons godsdiens iets van die buitekant moet wees, dit wat maar net aan jou klere (jou mou) vassit nie. Jou hart moet op jou mou wees. God wil die mens se hart hê. Dit moet ons ook vandag beseef. Die Fariseërs en Skrifgeleerdes het so op die uiterlike en formele aspekte van die Wet gekonsentreer dat die diepe en ware betekenis daarvan by hulle verbygegaan het. Amper iets wat met Nagmaal ook kan gebeur. As ons maar net om die uiterlike Nagmaal vier, Nagmaal is nie in ons hart nie dan gaan die eintlike betekenis daarvan by ons verbygaan. Soos met die Wet, soos met die Nagmaal wil God dat die werklike en eintlike betekenis hiervan met alle krag herstel en onverswak gehandhaaf moet word.

Die gesindheid van jou hart, ons kan ook sê die detail van jou verhouding met God, is dit wat duidelik sigbaar moet word. Ook aan die Here se tafel. As Jesus se gesindheid teenoor die Wet van die Here, ja as Jesus se gesindheid teenoor die hele Ou Testament nie reg was nie, weet u dan sou Hyself nooit die werklike waarde kon bring wat sy koms vir ons teweegbring het nie. Die Pasgamaal wat Israel vir eeue en eeue gevier het, sou nooit in die Nagmaal kon verander nie. Die besnydenis van kindertjies sou nooit die doop van kindertjies

kon word nie. Om die eenvoudige rede dat die geregtigheid waaraan Christus moes kom voldoen vanuit die Wet en die Ou Testament duidelik reeds vasgestel was en aan daardie geregtigheid het Christus moes kom voldoen. Daarom as Jesus sê daar mag nie eers 'n strepie van die Wet verander nie, dan sê Hy dit nie net teenoor ander mense wat daar na sy preek teen die berg sou luister nie, maar Hy sê dit ook teenoor Homself. Aan daardie Wet sou Hy in alle opsigte moes voldoen, ten volle daaraan gehoorsaam moes wees. Elke letter, elke letterstrepie daarvan, nie jota of titteltjie sou verander nie. Die tittel is die kleinste vokaalteken van die Hebreuse alfabet, werklik net 'n ou strepie en daarna verwys Jesus as Hy die vergelyking maak.

Jesus sou moes kom by wat ons later ook in Hebreërs 9: 19-20 lees dat toe Moses die wetboek aan die volk gegee het, het hy offers gebring en die bloed daarvan op die boek en op die volk gesprinkel. Wat Moses duidelik wys, ook volgens die preek in Hebreërs, want die hele Hebreërboek is eintlik maar 'n preek is dat die bloed van Jesus as gevolg van die wet onvermydelik sou wees. Geregtigheid moes eenvoudig geskied. Daarom voor ons na die tafel mag gaan besef ons daar is geen manier wat ons hierdie eis en hierdie erns waarmee Jesus waarmee Jesus ons voor die Wet van God stel, sommer maar ligtelik mag opneem nie.

Ons hoor graag van God se genade en sy seënige en sy beloftes terwyl die evangelie van God altyd ook met die Wet van God wil rekening hou. Mense wil so dikwels die kerk 'n lekker kerk maak, dit moet mense behaag, kom ons sing eerder lekker liedjies as die sware Psalms. Hoe baie van die moderne mens is hiermee besig. Hulle godsdiens word so 'n ligte saak, die diepe erns van om te sorg dat ek so gereeld moontlik eredienste toe kom, dat ek werklik my dankoffer met 'n offer gedagte afdra, dit het skaars geword. Dit word al skaarser. So maklik ontstaan ligsinnigheid rondom wat die Nagmaal is, so 'n skalkse gespot met die wyn en die stukkies brood, terwyl die ware geloof in Christus nie anders as jou volle toewyding en eerbied en heilige ontsag vir God vereis nie. Christus was ook beslis op soek na die eer van God as Hy met soveel erns met ons oor God en sy Wet praat. Mag dieselfde erns u nou hier na God se tafel bring, ons gebruik Nagmaal met heilige erns in die volle besef wat die formulier die Nagmaal verduidelik en ná hierdie Nagmaal sal ons nabetracting wees wat my volle hartstoewyding dan ook weer na hierdie Nagmaal mag wees.

## NABETRAGTING

**Mat 5:18 Dit verseker Ek julle: Die hemel en die aarde sal eerder vergaan as dat een letter of letterstrepie van die wet sal wegval voordat alles voleindig is.**

Ons was voor die Nagmaal besig met die erns en toegewydheid waarmee Christus met God se Wet gehandel het, dit wat ons tot by die tafel gebring het. Na hierdie Nagmaalviering besef ons hierdie deel van Jesus se bergpreek is maar nog heel die begin gewees. As Jesus die betekenis van die Wet uitspel dan is dit eintlik maar net nog 'n inleiding op wat die Wet regtig later van Hom sal eis. Sy hele lewe, Hy was letterlik van alles gestroop, naak moes Hy daar aan die kruis gehang het vanweë die Wet van God.

As Hy naak gekruisig hang dan is dit eintlik 'n sigbaarmaking van sy hart, hoe toegewy Hy aan God se Wet was. Hy het nie net gesê wat Hy bedoel as Hy oor die Wet praat nie, Hy het kom wys wat sy woorde was. 'n Volle hartstoewyding, alles moes vervul word. By die nabetracting leef ons by die vervulling van die Wet. Jesus wat dit baie duidelik stel- Hy stel dit ook baie sterk- *Die hemel en die aarde sal eerder vergaan as dat een letter of letterstrepie van die wet sal wegval voordat alles voleindig is.* Die Grieks gebruik hier waar ons praat daar van moet voleindig word of dalk nog beter vertaling- dit vervul moes word- staan die woord *plērōsai*. 'n Woord wat heelwat meer kere in Mattheus aantref en wat Jesus op Homself van toepassing gemaak het. Die Woord vanuit die Ou Testament het al voller en voller geword totdat dit uiteindelik alles in Christus vervul kon word. As dit nie dáárvor was nie sou ons nie vandag by die Here se tafel kon aansit nie. Daarom sien ons God se Woord soos iets van 'n gebou wat nie, maar net een verdieping is nie. Dit is soos 'n gebou met baie verdiepings, elke keer word dit net nog hoër in die heerlikheid van wat besig was om in Christus te gebeur. Jesus is die hoogste vervulling in wat God met die Ou Testament kon laat gebeur het.

Daarom is dit nie 'n geval van ons lees die Nuwe Testament asof dit nuut is en die Ou Testament asof dit is dat daar maar net ou dinge van God ingeskryf staan nie. Nee, sonder die Ou Testament kan ek die Nuwe Testament nie verstaan nie en wat in die Nuwe Testament gebeur is in alles 'n vervulling van die Ou Testament. Jesus het die werklike bedoeling van die Ou Testament letterlik kom volmaak. En wat ons vandag weer gedoen het, ons kon Nagmaal vier staan direk in lyn met wat Jesus kom volmaak het. Hy het die Wet van God in Hom laat saamtrek, in Hom is dit alles vervul.

Ons as mense het ons modes en ons maniere, selfs ons giere, dis alles dinge van verbygaande aard, maar waar ons met die vervulling van God se Wet in Christus te doen het, bly die Wet altyd van krag. Die krag van die Heilige Gees is ook die krag vanuit God se Wet wat jou na hierdie Nagmaal ook weer in volle hartstoewyding aan God verder wil lei.

So wil die deel van die Bergrede jou en my eintlik maar weer terugbring hoe ons nog beter sout vir die reeds bedorwe aarde, hoe ons nog beter lig vir hierdie donker wêreld kan wees. Ek en jy moet in Christus aan die Wet vashou. Daardie invloed wat God van ons verwag ons ook na vandag se Nagmaal in die wêreld moet gaan uitoefen hang nie in die lug nie. Dit is geanker in God se Wet, in die geregtigheid wat God van elke kind van Hom verwag, nl. doen wat reg is want Christus stel jou daartoe in staat.

As ek nie na Nagmaal met hierdie gesindheid weer die lewe ingaan, dan kom die punt wat die werklike lewe by jou sal verbygaan. Sout is dit wat werklik vanuit die Wet wil smaak gee, vanuit die Wet wil dit die bederf in die wêreld keer, vanuit die Wet wil dit groei verskaf. Soos al baie kere gesê as die see nie so vol sout was nie, dan was dit een groot stinkende moeras. Dit wat die sout in die see kan doen, is wat God se kinders in die wêreld vanuit sy Wet moet gaan doen. Die sout gee as't ware homself oor, dit los op in waarmee dit besig is, so 'n tipe oorgawe aan God se Wet kan God ook van sy kinders verwag, maar dan hou die sout nie op om sout te wees nie, juis nie, maar dan doen dit sy volle werk. Ook as sout in die kos gegooi word, dan is dit merkwaardig. Die sout wil nie hê dat alles in die kos na sout moet smaak nie, maar juis help die sout dat daardie kos waarin die sout is, juis die unieke smaak van die kos deur die sout net nog beter na vore kom, sonder dat die sout wil oorneem.

Dit wil God ook van jou verwag, deur die Wet help die sout om die smake van God se koninkryk net nog lekkerder te maak. Die evangelie van God, sy blye nuus werk met die wet en met die smaak wat ek en jy aan die Wet moet gee. Dit moet vir ons 'n saak van blydschap wees, groot blydschap soos die tien maal saligsprekinge juis in ons blydschap na vore wil bring. Alles hier in die begin van die Bergrede werk so mooi saam en is so ten nouste aanmekaar verbind. God wil jou en my ook hieraan bind. Dis tog die eie unieke aard van die verbond, dit wat bind, dit wil saamvoeg dit wat bymekaarhoort. Ons mag ook nie wil skei wat God saamgevoeg het nie. Christus en die Wet is die unieke samevoeging wat alleen God kon bewerk.

Wees dan na hierdie Nagmaal, vanuit God se Wet ook 'n lig vir ander mense. Lig simboliseer iets van 'n deursigtigheid, 'n openheid, 'n helderheid. Werk nugter, maak jou gedagtes en gees oop vir wat God deur sy Woord, ja deur sy Wet ook in jou wil doen. Ons manier van lewe, die manier waarop ons dink, die manier van praat, moet nie iets wees wat in 'n hoekie gebeur en ek wil maar net op my eie op lig wees nie. Die stad het die lig nodig. God gee 'n berg vir die lig, sodat almal wat in die stad is die lig kan sien. Soos wat God 'n berg vir Jesus se eerste preek gegee het, so gee God ook 'n berg vir die lig. Die berg moet die lig tot sy volle potensiaal bring, soos sout die kos se smaak tot sy volle potensiaal kan bring. 'n Lig wat vanaf 'n hoë berg skyn kan nie weggesteek word nie.

Jy mag ook nie na vandag se Nagmaal weer weggesteek jou eie gang wil gaan nie. Nie wil kerk-toe kom nie, nie sout wil wees nie, nie jouself wil blootstel nie. Of ons dit wil weet of nie, ons is blootgestel, ons moet ons blootgestelde lewens aan die hand van God se Wet beskerm, dan is dit God wat jou beskerm. Ons werk en tree op in plekke en tussen mense waar ons vir God sout en lig moet wees en ons word deur dit in die Wet begelei en gelei. Wanneer ons so sout en lig is, ook in wat Jesus die sout en lig maak dan is daar 'n invloed wat uitgaan, juis omdat ons die Wet van God in vervulling wil sien gaan. Die Wet stel as't ware die standaard aan wat die sout en lig aan sal moet voldoen. As ons dan nou weer later met die bergpreek nog weer verder mag gaan, dan is die gees van die wet jou en my gees wat aangespreek word. Die invloed wat ons moet uitoefen, die besondere hantering van God se Woord, bepaal ook die werklik invloed wat die Gees van God deur jou gees wil laat gebeur.

AMEN